Maart 2008

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Meeste van u het seker verlede week van uitgrawings by Tom Jenkinsrylaan gelees. My navorsing strek ongelukkig net tot 1900 maar ek het besluit om te gaan kyk wat ek oor Tom Jenkins kan uitvind.

Die eerste spoor wat ek van ‘n Jenkins kon kry was in 1875. Dit was nie Tom Jenkins nie maar wel Sameul Jenkins. Of daar enige familieverwantskap is. kon ek nie vasstel nie.

**Sameul Jenkins**

Sameul Jenkins was ‘n lid van die Eurka Lodge van die Good Templars in Pretoria. Hy word later ook gekies as offisier van die Good Templars. [V 1875-03-06; V 1875-08-14; V 1875-11-13; V 1876-02-05].

Die vergaderplek van die Good Templars was iewers in Pretoriusstraat. Maar iemand het gesien hier is ‘n kans om geld te maak en die Victoria Hall Joint Stock Co. word gestig om ‘n nuwe saal te bou wat dan ook sommer vir ander geleenthede verhuur kan word [1880-03-13]. Die saal was ook bekend as Wesley Hall en was in Vermeulenstraat, langs die Caledonian Hall [Dej-02 p282]. Later was daar voortdurend advertensies van lesings en konserte wat in die saal gehou gaan word.

Om terug te keer na Sameul Jenkins. Hy was ‘n grofsmit en het ‘n smitswinkel, ook genoem ‘n ‘smederij’ gehad. Dit het bekend gestaan as die Pretoria Forge en was naby die Royal Hotel [V 1875-06-12]. Dit het goed gegaan met die besigheid en in 1877 plaas hy ‘n advertensie in die koerant dat hy ‘n goeie smit soek om in diens te neem [V 1877-08-08]. In Desember 1878 besluit hy egter om sy besigheid op te gee en wil sy woonhuis, smitswinkel en gereedskap verkoop. Dit was geleë op erwe 319 en 271 met ‘n aansig in Kochstraat [vandag Bosmanstraat]. Die twee erwe was rug aan rug en het deurgeloop vanaf Vermeulenstraat tot in Kerkstraat.

Daar was ook ‘n beriggie oor hom in die koerant toe Johnstone se bulhond hom aan die handgewrig gebyt het. Die redakteur van die koerant voel dit is tyd dat die heer Johnstone sy gevaarlike “beest” onskadelik maak daar hy reeds veskeie ander persone ook al gebyt het [V 1775-11-06].

Sameul Jenkins in in 1848 in Engeland getroud met Mary Ann Drury. Hulle verhuis later na Suid Afrika en woon tot April 1873 in Natal waarna hy na Pretoria verhuis, maar sy vrou in Natal agterbly. Sy weier om na Pretoria te kom. Hy het alle kontak met haar verloor en vra nou ‘n egskeiding. Die hofsaak dien voor regter Kotze [V 1877-08-29].

**J.P. Jenkins**

In die directory van 1899 sien ons dat daar ‘n J.P. Jenkins woon in Sydney Villa in Skinnerstraat. Hy was ‘n skrynwerker [Lon-01 p138].

**Tom Jenkins**
Die volgende kom uit Tom Andrews se boek oor die Straat- en Plekname van Ou-Pretoria [And-01  p 61-62].

Die noordelike verlenging van Eastwoodstraat was oorspronklik ‘n paadjie wat die voorstede wat nou Arcadia en Rietondale is, met mekaar verbind het.  Die huidige naam gedenk ‘n voormalige stadsraadslid en burgemeester.

Tom Jenkins is in 1863 in die Paarl gebore en kom in 1889 saam met sy ouers na Pretoria.  Hy het 60 jaar lank in die stad gewoon.

Hy was tussen 1907 en 1913 sekretaris van die Transvaal-museum en het ook vir die Departement Binnelandse Inkomste gewerk.  Hy was voorsitter van die belastingbetalingsvereniging van Rietondale en later Arcadia se verteenwoordiger op die stadsraad.  Later het hy ook vir Arcadia, Riviera en Rietondale op die Raad verteenwoordig, en in 1944 was hy burgemeester.

Jenkins het aan die noordehelling van Meintjeskop grond besit wat hy aan die owerheid verkoop het om by die Libertas-landgoed in te lyf.  ‘n Verkoopsvoorwaarde was dat die ou voetpaadjie oor die nek ‘n behoorlike pad word.  Dit is van beton gebou en die werk is gedurende die tweede Wêreldoorlog deur Italiaanse krygsgevangenes gedoen.

Tom Andrews het ook gereeld toere deur Pretoria gelei.  Op een van die toere het hy die volgende oor  Tom Jenkins te sê [And-02  p25].

“Cement Road, better known as Ton Jenkins Drive, is named after a former mayor of Pretoria.  He was born in 1883 and came to Pretoria when he was 6 years old and spent 57 years in the city.  He retired from the department of Inland Revenue in 1938; represented Arcadia, Riviera and Rietondale.  He was mayor in 1944, retired to Margate on the South Coast and became their mayor in 1946, het later settled in Durban where he died in 1966, age 81 years.  The continuation of the street on its northern side through Rietondale was called Alice street, no origin of the name was found, but thought to commemorate the wife of the Duke of Connought, but when this part of the township was established it was first valle Blynn street “.


[Die datums verskil in die twee weergawes van Jenkins se geskiedenins.  U moet maar self probeer uitvind watter een die korrekte is.]

Op die volgende bladsy is twee kaarte waarop die oorspronklike voetpad oor die berg gesien kan word.


Die kaart van 1908 is ‘n vreeslike groot kaart van Pretoria en Omgewing.  Jammer van die swak kwaliteit, ek moes ‘n baie klein stukkie van die kaart uitsny en dit baie vergroot.  Die sig-sag voetpad is as stippellyn sigbaar waar dit oor die berg gaan.  Die “redoubt” word ook op die kaart aangedui.

Op die 1929 kaart is die voetpad baie beter sigbaar.  Nou is die Uniegebou, Brynterion Landgoed en “Government House” reeds gebou.

**Kaart van 1908  [K-12]**.




**Kaart van 1929 [K-14]**




Ek het nog twee ander interessante kaarte in my besit maar hulle is ongelukkig in 'n baie gehawende toestand en nog nie gefotografeer nie.  Dit is "Melvill's Plan van Pretoria en Voorstedenvan 1899" en die kaart "Compiled and lithographed in the Surveyor General's Office, Pretoria, 1911".

---

**Time Ball Hill**
Nuwe inligting oor Time Ball Hill. Die volgende berig kom uit De Volksstem. ‘n Vlagpaal is agter die Goewermentskantore ingeplant om die aankoms van pos en tyd aan te dui. Daar word nog gewag vir ‘n Time Ball. Intussen sal ‘n opgerolde vlag 5 minute voor 1 gehys word en om 1 uur ontplooi word. Dit sal vir 5 minute wapper. Indien die tyd nie van Kaapstad ontvang word nie sal die vlag dadelik gestryk word [V 1880-01-30].

Hieruit kan ons dus sien dat die Time Ball gebruik is om die tyd sowel as die aankoms wan die pos aan te dui.

-----------------------------------------------------------------

**Afrikaners**
Ek het op die volgende twee pro Afrikaner kennisgewings afgekom. In 1880 was die Transvaal nog onder Engelse beheer, vandaar die anti Engelse gevoel van die mense.

Koch & Co het ‘n nuwe winkel in Kerkstraat ge-open. Slegs Afrikaners van geboorte sal in winkel bedien word. [V 1880-04-06].

J.J. Fourie het die volgende kennisgewing geplaas: Geen Engelsgesinde persone sal op sy plaas of in sy huis toegelaat word nie [V 1880-02-24]. Kort daarna het ‘n hele paar persone sy voorbeeld gevolg en soortgelyke kennisgewings geplaas.

-----------------------------------------------------------------

**Bibliografie**


And-01 Andrews, Tom en Ploeger, Jan **Straat- en Plekname van Ou-Pretoria.** J.L. van Schaik. 1989

And-02 Andrews, Tom **Lesings en Praatjies oor Pretoria**. Ongepubliseerde werk

Dej-02 De Jong, Robert Cornelis **Kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders.** Verhandeling. Pretoria. 1980

K-12 **Pretoria and Environs.** 1908

K-14 **Paff’s Plan of Pretoria –** Compiled and drawn by Capt. Paff, D.T.D., late Perm Force Staff, DU.D.F. Scale 1:22885. [1929]

Lon-01 Longland **Longland’s Pretoria Directory 1899**

V De Volksstem.